## Voorwoord van die Redakteur

Die filosofie van Immanuel Kant (1724-1804) het nie net die na-oorlogse Europese teologie beslissend beïnvloed nie, maar ook die denke van die vorige twee geslagte professore in die filosofie aan die Universiteit van Pretoria, C K Oberholzer en P S Drever. Die predikante wat aan die Universiteit van Pretoria opgelei is, het hulle filosofiese skoling van professore C K Oberholzer en P S Dreyer ontvang. Hierdie filosofiese idioom is ondersteun deur die klem wat in die teologiese fakulteit op die dialektiese teologie gelê is. Hierdie teologie het beslis nie by G W F Hegel aangesluit nie, maar wel by die filosowe Immanuel Kant, Wilhelm Dilthey en Hans-Georg Gadamer asook die teoloog-filosoof, Søren Kierkegaard, en ander teoloë soos Karl Barth en Rudolf Bultmann. Die gevolg was dat prof P S Dreyer tereg kon sê dat daar aan die Universiteit van Pretoria 'n gemeenskaplike agtergrond, 'n geestesklimaat, afgestemdheid en gerigtheid was wat die teologiese opleiding nie net tot voordeel gestrek het nie, maar ook noodsaaklik daarvoor was.

In sy *Kritik der reinen Vernunft* (1781) het Kant die logiese positiwisme verwerp en sien hy in dat objekte aan die kennende subjek verskyn na gelang van die vrae wat die subjek self wil vra. Hy onderskei tussen die wetenskaplike (sintuiglike) wêreld en die (nie-geobjektiveerde) wêreld waartoe die 'postulate' God, onsterflikheid en vryheid hoort. Hy het onverpoosd daarna gestrewe om die sterrehemel en die mensewêreld só te orden dat alles hulle onderskeie plek het. So het God 'n plek en ook die kerk en die staat. Mense is egter wesens van 'twee wêrelde'. As deel van die sintuiglike wêreld is die mens aan natuurlike kousaliteit en sterflikheid gebonde, maar die mens is vry om die goeie te doen — nie ten einde in die 'onsterflike bedeling' beloon te word nie, maar omdat ons die plig en die vryheid daartoe het om die goeie ter wille van die goeie te doen. In sy *Religion innerhalb der Grenzen der bloßen Vernunft* (1793) sê Kant dat die menslike natuur (vanweë die gebondenheid aan sterflikheid) egter op die handhawing van die self gerig is en dit kom op selfbevrediging neer en nie op die

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015

doen van die goeie ter wille van die goeie nie. Bekering tot die 'nuwe mens' wat vry is om onvoorwaardelik goed te doen, is daarom noodsaaklik. Inderdaad het die 'sedelik-goeie' mens die plig om juis dít te doen. Dit is die keuse om vry te wees van die gebondenheid aan verganklikheid. Die wese van die kerk is om hierdie vryheid van mense te fasiliteer. Maar *is* die mens waarlik vry? Iets wat tradisioneel nie by Kant raakgesien is nie, maar wel deur die filosowe van ons dag wat in die Kantiaanse tradisie staan, is dat daar 'n wending by Kant plaasgevind het om in die *estetiese rede* die weg te vind waarlangs vryheid kan verwerklik. Kant beklemtoon die rol van die estetiese rede wat daarop gerig is om die 'goeie' vanuit die primaat van die *intelligibele Welt* in die *sensibile Welt* te vervul. Hierdie siening van Kant is onder andere uitgewerk in sy *Grundlegung zur Metaphysik der Sitten* (1785). Prof P S Dreyer lewer derhalwe opnuut 'n belangrike bydrae tot ons verstaan van Kant deur hierdie werk vir die lesers van die *Hervormde Teologiese Studies* in Afrikaans beskikbaar te maak. Sy vertaling bevestig die statuur van Afrikaans as wetenskapstaal.

Petrus Secundus Dreyer (BA, BD, MA, D Phil, DD) is op 23 November 1921 te Pietersburg gebore. Hy voltooi sy skoolopleiding aan die einde van 1937 aan die Hoër Jongenskool (Paul Roos-Gimnasium) op Stellenbosch. Hy studeer teologie en filosofie aan die Universiteit van Pretoria en promoveer in sowel die teologie as die filosofie na voorbereidende doktorale studies in Groningen, Nederland. Hy was sedert 1952 dosent en later professor en hoof van die Departement Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria. Prof Dreyer aanvaar emeritaat in 1985. Hy is die skrywer van onder andere die boeke *Inleiding in die filosofie van die geskiedenis*, *Die wysbegeerte van die Grieke* en *Hoofstrominge van Sedeleer.*

Andries G van Aarde
Redakteur: Hervormde Teologiese Supplementum-Reeks

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2015